13de Sondag na Trinitatis 25 Augustus 2024

Maandlied
Epistel: 1. Joh 4,7–12 Omdat God ons liefhet, laat ons mekaar liefhê
412 1-4 So jemand spricht
Evangelie: Lk 10,25–37 Barmhartige Samaritaan
452 1,3,5: Er weckt mich alle Morgen
Preek: Levitikus 19,1–3.13–18.33–34
413 1-3, 5, 8 Ein wahrer Glaube

Nagmaal:
414 Lass mich, o Herr, in allen Dingen
419 Hilf, Herr meines Lebens
603 Ins Wasser fällt ein Stein
295 Wohl denen, die da wandeln

1Die Here het met Moses gepraat en gesê: 2“Praat met die hele volksvergadering van die Israeliete en sê vir hulle, ‘Julle moet heilig wees, want Ek, die Here julle God, is heilig. 3Elkeen van julle moet vir sy moeder en vader ontsag hê, en my Sabbatte moet julle onderhou. Ek is die Here julle God.
13Jy mag nie jou naaste uitbuit en beroof nie. Jy mag nie die loon van 'n dagloner deur die nag by jou hou tot die oggend nie. 14Jy mag 'n dowe nie vervloek nie en voor 'n blinde nie 'n struikelblok lê nie. Jy moet vir jou God ontsag hê. Ek is die Here.
15“ ‘Julle mag nie onreg pleeg in die regspraak nie. Jy mag nie partydig wees vir armes of voorkeur gee aan belangrikes nie. Oordeel jou volksgenoot regverdig. 16Jy mag nie as 'n kwaadstoker tussen jou mense rondgaan nie; jy mag nie jou medemens se lewe in gevaar stel nie. Ek is die Here.
17“ ‘Jy mag nie jou broer in jou hart haat nie. Wys jou volksgenoot openhartig tereg. Jy mag nie 'n misstap teen hom bly hou nie. 18Jy mag nie haatdraend wees en 'n wrok koester teen die kinders van jou volk nie. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.
33“ ‘Wanneer 'n vreemdeling by jou verblyf het in julle land, mag julle hom nie verdruk nie. 34Die vreemdeling wat verblyf by julle het, moet vir julle net soos 'n gebore Israeliet by julle wees. Jy moet vir hom lief wees soos vir jouself. Julle was immers self vreemdelinge in Egipteland. Ek is die Here julle God.


Liewe gemeente,

vandag se skriflesings pas baie mooi bymekaar om vir ons saam ´n wonderlike boodskap te bring. Hulle lig uit hoedat met die koms van Jesus ´n totale klemverskuiwing plaasgevind het. Kom ons begin by die preekteks uit Levitikus 19. Die hoofstuk word beskou as deel van die “hart” van die Tora, die wette wat die grondslag van die Joodse geloof vorm.

Vers 2 som die hele benadering op: Julle moet heilig wees, want Ek, die Here julle God, is heilig. En dan, deur die hele hoofstuk (en ook deur groot gedeeltes van Levitikus) kom die herhaling: Ek is die Here julle God. Ek wil ´n paar eenvoudige grafika gebruik om dit beter verstaanbaar te maak.



God is heilig - dit beteken in die Ou Testament: Hy is afgesonder, anders, en veral - onheilige dinge of mense kan nie naby God kom nie. Die van julle wat gereeld Bybel lees sal weet dat daar heelwat kere is waar hierdie heiligheid beklemtoon word. Moses moet sy skoene uittrek, omdat die grond om die brandende bos, naby God, heilig is. Wanneer God op die berg aan Moses verskyn om vir hom die 10 gebooie te gee, word die volk gewaarsku om nie nader te kom nie, want elkeen wat nader kom, sal sterf. Later, toe die verbondsark saam met Israel getrek het, lees ons van mense wat gesterf het toe hulle aan die ark geraak het. En toe die verbondsark later in die Tempel sy tuiste gevind het, was dit in die "Heiligdom", die "Allerheiligste", waar slegs die hoëpriester kon binnegaan, slegs een keer per jaar, na deeglike reinigingsseremonies.



Hierdie hoofstuk wil dan verduidelik hoe die volk moet lewe, om ook heilig, afgesonder, te wees sodat hulle naby die Here kan wees. Dit is nogal opvallend dat, wanneer van "naaste" gepraat word, en ook van "vreemdelinge", dit verwys na die eie volk en dié vreemdes wat onder die eie volk lewe. So, dit is asof daar nie net ´n veiligheidsheining om die Heilige God is nie, sodat niemand per ongeluk te naby hom kom nie. Daar is ook ´n heining om sy volk om hulle van die res van die volkere afgesonderd te hou. Baie van die gebooie in die Ou Testament gaan daarom daaroor om die volk van God te beskerm teen ander volkere en hulle gebruike en gewoontes. Ons kan sê daar was vir die volk van Israel twee heinings - die een het hulle teen God se heiligheid beskerm en hulle op ´n veilige afstand van God af gehou. Die ander heining was na buite, om hulle teen die onheilige samelewing en ander volke te beskerm. Tussen die twee heinigs moes hulle lewe.



Nou wil ek graag kortliks na hoofstuk 21 kyk. Daar vind ons die reëls vir Priesters. Hulle het in die gaping tussen die Heilige God en die gewone volk van God gestaan. Hulle voorskrifte vir rein (heilig) wees was nog intensiewer as vir die res van die volk. Omdat hulle gereeld tempeldiens moes doen was daar dinge wat hulle nooit toegelaat was om te doen nie. Dis dan ook waar Jesus se gelykenis van die barmhartige Samaritaan inkom: Die Priester het nie ´n ander keuse gehad as om verby te stap nie, want as dienaar van God was hy verplig om homself nie met beseerdes, en veral nie met lyke te besmet nie. Die arme slagoffer kon dalk al dood wees, of sterf as hy aan hom raak, en dan kon hy nie meer die priesteramp beoefen nie. Sy diens aan God en sy eie toekoms was op die spel!
Alhoewel die Leviete se reëls nie so streng was nie, wou hy ook nie sy godsdiens in gedrang bring nie. Om God te dien was belangriker as om ´n slagoffer te help wat dalk nie eers deel van "ons eie volk" was nie.
So, al lees ons in vandag se teks belangrike, goeie reëls, wat tot vandag toe heeltemal sin maak om ´n gesonde samelewing te waarborg, is dit nog belangriker dat ons as Christene vra: Wat het met die koms van Jesus gebeur, wat het Christus verander?
Die antwoord is: Jesus het die fondamente geskud - tot so ´n mate dat die Priesters en Leviete, Skrifgeleerdes, dit as hulle plig beskou het om hom tereg te stel. Terwille van die Heiligheid van God.

Wat was die probleem? Het Jesus dan nie aanvaar dat God heilig is nie? Hy het. Immers leer hy ons om te bid: Laat U naam geheilig word!



Maar Jesus het verkondig dat God sy benadering verander het. Die "moenie aanraak" grondslag is vervang met "kom na my toe"! Dit word op ´n mees dramatiese manier duidelik wanneer Jesus aan die kruis sterf. Ons lees in Mt 27, 50-51 van die gordyn in die tempel. Dit het die Allerheiligste van die heilige geskei, sodat niemand, niemand - nie eers per abuis daar sou ingaan nie. Toe Jesus sterf het God self die gordyn van bo tot onder verskeur. Die "doodslyn" is vir altyd deurbreek. Die pad na die hart van God is oop. Die radikaal nuwe grondslag is: God is liefde! Waar die Ou Testament beklemtoon het dat ons God moet liefhê met ons hele hart, vertel Jesus vir ons dat die Vader ons tot die dood toe liefhet.



Hierdie boodskap word dan ook in 1 Johannes 4 duidelik gestel (9&10): Hierin is die liefde van God aan ons geopenbaar:
dat God sy Seun na die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan leef.
Hierin bestaan die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het, en sy Seun gestuur het as versoening vir ons sondes.

Omdat ek deur Christus verlos is, verskuif die klem, die fokus van my optrede in my alledaagse lewe. Nou gaan dit nie meer daaroor om heilig te wees, sodat ek naby die heilige God kan kom nie, maar om die liefde wat ek van hom beleef, uit te dra. "As God ons so liefgehad het, behoort ook óns mekaar lief te hê." Dis dan ook die boodskap van die barmhartige Samaritaan: Hy het die nood van die slagoffer raak gesien en gestop om te help, nie om in God se goeie boeke te kom nie (as Samaritaan was hy permanent uitgesluit, al doen hy wat) - maar om by te staan waar dit nodig was. En met hierdie een slotsin draai Jesus die rigting van die Ou Testament om: Die vraag: Wie is my naaste, verander hy in: Vir wie is ek ´n naaste? Die grense van die heilige Volk is opgehef, die omgee "na binne" word vervang met ´n uitleef van God se liefde na buite. "Gaan heen, tot aan die einde van die aarde" vervang die "die wat by julle woon" in Levitikus 19. Die Christen se horison is nie die gemeente nie, ook nie die eie volk of kultuur nie, maar die wêreld vir wie Jesus gesterf het, die mense wat nog nie besef dat die hemelse Vader toeganklik is, dat hy omgee vir hulle nie! Ons is sout van die aarde - nie net sout van ´n klein stukkie grond nie. Ons is lig van die wêreld - nie net lig vir my volkie nie.



Dalk is iemand teleurgesteld dat ek nie oor die verskillende voorskrifte uit Levitikus 19 gepraat het nie. Ek het immers gesê dat hulle belangrik vir gesonde samelewing is. Die rede is eenvoudig: Ons moet besef dat die grond benadering verander het, dit gaan nie meer daaroor wat ek moet doen om heilig te wees nie. Die vraag is eerder: Hoe kan ek die liefde van Christus die beste uitdra? Hoe kan sy liefde deur my skyn? "Julle moet heilig wees" verander in "Deur Christus is julle verlos, is julle heilig, behoort julle aan die Here. Leef dit uit!"

Amen

Horst Müller, hmuller@nelcsa.net